

AANSOEBEPALINGS EN -VOORWAARDES VIR NAGRAADSE PROGRAMME 2023

1. JOU AANSOEK IS JOU VERANTWOORDELIKHEID

Dit is jou verantwoordelikhied om seker te maak dat jy jou aansoek betyds en korrek voltooi. Maak seker dat jy:

- vertrou is met die Universiteit se Toelatingsbeleid en program-spesifieke toelatingsvereistes;
- al die inligting en ondersteunende dokumente voor die sluitingsdatum soos gepubliseer op <http://www.sun.ac.za/english/pgstudies> verskaf;
- aansoek doen vir die programme waar jy aan die program-spesifieke toelatingsvereistes voldoen.
- Hier is die [riglyne](#) oor hoe en wanneer om vir 'n program aansoek te doen. Onthou, ons kan die inligting in die riglyne enige tyd aanpas. Kry die nuutste inligting by:
 - Stellenbosch en Tygerberg kampus: www.sun.ac.za/pgstudies,
 - Bellville Kampus (Bestuurskool): www.usb.ac.za
 - of Kliëntediens by 021 808 9111 of info@sun.ac.za.

Belangrik

Ons oorweeg slegs volledig voltooide aansoeke wat ons teen die sluitingsdatum bereik het. Jy kan ons nie verantwoordelik hou as ons jou aansoek nie oorweeg nie omdat dit onvolledig is (bv. as jy nie al die vereiste dokumente ingedien het nie), verkeerd ingevul is, of nie voor die sluitingsdatum ingedien of gekorrigeer is nie.

2. JY MOET JOU AANSOEK BETYDS VOLTOOI

Ons moet jou aansoek, alle ondersteunende dokumente, en enige verdere inligting wat ons mag aanvra, voor die sluitingsdatums ontvang. Die Universiteit sal geen aansoeke wat op die relevante sluitingsdatums onvolledig is, of wat na die sluitingsdatums ingedien word, oorweeg nie. Sien <http://www.sun.ac.za/english/pgstudies> vir sluitingsdatums vir aansoeke tot nagraadse programme.

3. KORREKTE INLIGTING IS BELANGRIK

Maak seker dat al die inligting wat jy verskaf korrek en volledig is. As die inligting nie korrek of volledig is nie:

- kan ons jou aansoek van die hand wys; of

- mag jou aansoek onvolledig wees en kan jy die sluitingsdatum mis as jy nie die inligting betyds korrigeer nie.

Ons mag die inligting wat jy verskaf met derde party of ander universiteite verifieer. Indien ons teenstrydige inligting ontvang sal ons vir jou vra om dit op te klaar. Dit mag jou aansoek vertrap en dit is moontlik dat jy die sluitingsdatum mis. Indien jy nie die teenstrydigheid voldoende opgeklaar het nie, mag ons jou aansoek van die hand wys.

Ons mag jou ook vra om die oorspronklike dokumente of verdere ondersteunende dokumente te verskaf.

4. NIKS IS GEWAARBORG NIE

Selfs al dien jy 'n aansoek in wat korrek voltooi is en al voldoen jy aan die minimum toelatingsvereistes, kan daar ook addisionele keuringsvereistes gestel word. Toelating kan dus nie gewaarborg word nie.

5. KOMMUNIKASIE TYDENS DIE AANSOEKPROSES

Ons sal die e-posadres en telefoonnommer wat jy verskaf het gebruik om met jou oor jou aansoek te kommunikeer. Die e-posse sal ook op die Aansoekportaal beskikbaar wees.

Wees op die uitkyk vir die volgende boodskappe:

- Bevestiging dat ons jou aansoek ontvang het;
- Versoeke vir verdere inligting;
- Versoeke vir verdere dokumente indien dit wat jy verskaf het foutief, onvolledig, of onleesbaar was;
- Jou voorwaardelike aanbod of aanbiede en/of finale aanbod of aanbiede

Belangrik

Ons is nie daarvoor verantwoordelik indien jy nie hierdie boodskappe ontvang het nie weens foutiewe of verouderde kontakbesonderhede wat jy verskaf het nie. Maak seker dat jou kontakbesonderhede op datum is.

Jy kan jou aansoekstatus aanlyn volg deur op die Aansoeker Portaal aan te teken. Al hierdie boodskappe sal ook daar wees.

6. AS ONS 'N AANBOD AAN JOU MAAK

Indien jy vir meer as een program aansoek gedoen het, kan jy meer as een aanbod van ons ontvang. Jy moet een van daardie aanbiede aanvaar voor die sperdatum wat in die aanbod aangedui word. Enige aanbiede wat jy nie teen die sperdatum aanvaar nie, sal verval.

7. JOU PERSOONLIKE INLIGTING

Die Universiteit sal die persoonlike inligting wat jy tydens die aansoekproses verskaf het gebruik om:

- jou aansoek te oorweeg;
- met jou te kommunikeer by die kontakbesonderhede wat jy verskaf het;

- 'n aanbod aan jou te maak as jy gekeur word; en
- 'n studentekontrak met jou te sluit as jy 'n aanbod aanvaar.

Ons sal slegs inligting wat op jou aansoek betrekking het aan ander persone of organisasies openbaar as:

- dit nodig is om jou aansoek te verwerk of te oorweeg;
- ons wetlik vereis word om jou persoonlike inligting aan hulle te verskaf; of
- as jy ons toestemming gegee het om jou persoonlike inligting bekend te maak.

Indien jy meer wil weet oor privaatheid by die Universiteit gaan na <http://www.sun.ac.za/english/t-c>

8. VOLG DIE UNIVERSITEIT SE REËLS

Indien jy 'n aanbod ontvang en/of aanvaar, moet die beleide, reëls, en regulasies (die “reëls”) van die Universiteit, die fakulteit waar jy toegelaat is, en jou Universiteitsverblyf, nakom soos dit van tyd tot tyd verander. Hierdie reëls word in die Jaarboek en op die webblad gepubliseer. As hierdie Nagraadse aansoekvoorwaardes- en bepalinge teenstrydig is met die reëls, dan is die reëls van toepassing.

9. WAT GEBEUR VOLGENDE

Wees op die uitkyk vir ons e-posse en teksboodskappe – ons sal jou deur die proses lei. Indien jy een van die aanbiedinge aanvaar, sal ons jou vra om die studentekontrak te teken en op te laai voor jy registreer.

Lees gerus die studentekontrak [hier](#).